Kar-kenades

DIE motor ruk en skud oor die grondpad. Hulle is op pad Drakensberge toe. Altans, Pappa sê al vir die laaste twee uur dat hulle in die Drakensberge is. Maar hulle het nog steeds nie by die huis aangekom waar hulle vir 'n paar dae vakansie gaan hou nie.

Dit is die langste rit ooit.

Die wêreld om hulle begin verander. Rye bome en groen weivelde strek so ver soos die oog kan sien. Adelie sit opgewonde regop. Sy kyk om haar rond. Daar is 'n dik laag stof wat die motor jaag. Mamma fokus op die padaanwysings en Pappa hou sy oë op die pad.

Sy loer na haar boetie. Hy slaap in sy karstoeltjie. Sy stoeltjie lyk altyd vir haar so gemaklik. Gelukkig. Soms skree hy dat die motor se dak lig.

Riley, hulle Boston Terriër, is ook in sy hondekarstoeltjie wat Mamma vir hom van die internet af bestel het. Hy maak gedurig asof hy baie ongemaklik is en sug vreeslik hard. Adelie weet dat hy eintlik lekker snoesig daarin lê en slaap.

"Is ons amper daar?"

Pappa kyk vinnig in sy truspieëltjie en glimlag. "Ja. Dit is net om die volgende draai."

Riley spring soos blits uit sy stoeltjie tot bo-op Adelie se skoot.

"Riley, jy trap my plat."

Ek moet kan sien. Weet jy hoeveel vreemde reuke ruik ek nog heeltyd?

Sy lyf bewe opgewonde en hy druk sy plat snoet teen die ruit. Riley is nie 'n pratende hond nie; dit is net Adelie wat sy gesigsuitdrukkings kan verstaan. Dit is byna asof sy Riley se gedagtes kan lees. Adelie weet dit is moontlik, want sy sien dit gereeld in die superheldfilms. Sy sal nie vir enige

iemand van haar en Riley se geheime band vertel nie.

Hulle is beste maatjies.

"Mag ek die ruit oopdraai?"

Sy vra altyd eers, want haar ma en pa het 'n geheime manier om die vensters en deure te sluit sodat sy dit nie van die binnekant af kan oopmaak nie. Mamma knik en sluit die vensters oop. Adelie draai die ruit net groot genoeg oop sodat sy en Riley kan uitkyk sonder dat hy kan uitspring. Sy sien nie kans om hier op die grondpad agter hom aan te hardloop nie. Hy is heeltemal te vinnig.



Riley druk sy kop by die venster uit en maak sy oë toe van lekkerkry toe die wind oor hom waai.

Adelie se boetie skrik wakker.

Gelukkig begin hy nie huil nie.

Sy oë rek groot en hy wys met sy vingertjie buitentoe. Hy is mal oor die buitelewe en Adelie kan nie wag dat hy groot genoeg is om saam te speel nie.

Skape, grom Riley, en sy kort stert tol al in die rondte.

Adelie probeer koes, sodat sy boude haar nie in die gesig tref nie. Hy trap hoër teen haar op om beter te kan sien. Dan kom 'n aardige reuk haar neusgate binne.

"Eeuw. Sies, Riley!"

Sy druk haar neus toe.

Hy los altyd die verskriklikste winde.

Riley kyk haar verontwaardig aan.

Dit was nie ek nie.

Dalk was dit Boetie.

Hy snuif in die lug in die rigting van haar boetie, maar skud dan sy kop. Dit was nie hy nie.

"Dit kom van buite af. Dit lyk vir my asof daar op die plaas of kleinhoewe aan die linkerkant met varke geboer word." Haar ma wys met die vinger. Adelie en Riley loer by die ruit uit en kyk waar haar ma wys.

Riley se lyf skud opgewonde en hy druk sy kop agteroor om beter te kan ruik.

🐾 Dit stink so lekker.

Adelie skud haar kop. "Dit is walglik. Ek wil nooit met varke boer nie."

Haar pa lag. "Ek wil ook nie met varke boer nie. Ek hoop nie jy en Riley gaan weer een of ander wilde avontuur hê soos die keer wat daar glo 'n monster in die swembad was nie."

🐾 Daar is 'n swembadmonster.

🐾 Ek weet nie hoekom hy ons nie glo nie.

Adelie vryf vir Riley en wys hy moet hom nie te veel daaroor bekommer nie. Grootmense glo nooit in die onbekende voordat dit te laat is nie.

"Moenie van die voëls vergeet wat amper vir Riley gevang het nie," voeg Mamma met 'n groot glimlag by.

Adelie en Riley kyk vinnig na mekaar en albei sug. Mens sou dink haar ouers sou hulle glo nadat hulle die bewyse gesien het, maar blykbaar dink hulle steeds dit is Adelie se verbeelding.

Ek hoop daar is darem iets vir ons om te doen.

"Ek hoop daar is darem iets om te doen," sê Adelie hardop. Mamma en Pappa sal nie Riley se frons en oop bek verstaan nie.

Haar ma antwoord oor haar skouer. "Daar is oop velde en plaasdiere. En ons kan bordspeletjies speel, flieks kyk en sommer net die mooi berge geniet."

Haar pa voeg nog 'n paar dinge by. "Ons gaan ook braai en staproetes uittoets, en ons kan fietsry."

Adelie glimlag breed. ·····● Dit klink lekker. Sy is baie opgewonde om berge toe te gaan. Dit is ook die eerste keer wat Riley saam is.

Ek hoop daar is goed om te jaag.

Adelie skud haar kop. Hy maak sy bek oop en sy tong krul uit. Riley druk sy gesig weer by die venster uit.